UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

# FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

*Die Studente-ondervinding*




## Welkom by Fakulteit Opvoedkunde

Ons visie is om leiding te gee in die beskikbaarstelling van kwaliteit onderwysgeleenthede vir lewenslange leer deur navorsing, onderrig en ander dienste, en om sodoende te help voorsien in gedifferensieërde onderwysbehoeftes van die breë gemeenskap.

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT





# Prakties



Eerstejaarstudente doen nog nie prakties by skole nie, maar doen wel mikro-onderrig. Dit staan in die Fakulteit bekend as Glaskas.

Tweede-, derde- en vierdejaarstudent kry die geleentheid om skole te besoek. Gedurende die eerste kwartaal word daar geobserveer, en in die derde kwartaal kry studente die geleentheid om self klas te gee. Sodoende kry studente 'n goeie idee van wat dit behels om 'n onderwyser in 'n skool te wees.

Praktiese onderrig is een van die hoogtepunte in die Opvoedkunde Fakulteit en dit bied studente die geleentheid om te groei in die professie.

**Onderwysstudente werk met leerders in die Fakulteit asook in skole.**







# Wat doen ons buite lesingtye?

Volgens ons is Onderwysstudente die mees energieke en sosiale studente op kampus. Wanneer ons nie 'n klas bywoon nie, geniet ons graag koffie saam met vriende, spandeer tyd in die Neelsie en ook in die bib (Biblioteek). Ons ontspan ook graag in die son voor die Opvoedkundegebou. Ons neem ons vrye tyd baie ernstig op!

**Onderwys-studente is mal daaroor om tyd saam met vriende te spandeer en tyd in die biblioteek deur te bring.**

**Ons hou ook daarvan om aktief te bly.**















# Lesings

Onderwysstudente het van die beste lesings op kampus. Ons lesings is navraaggebaseer, baie interaktief en ontlok kritiese besprekings.

Lesings vind daagliks tussen 08:00 en 17:00 plaas.

Onderwysstudente is altyd bereid om hulp te verleen.

**Onderwys-studente werk graag saam!**








# Ons fakulteit-funksies

Die Opvoedkunde Fakulteit hou graag funksies.

Toppresteerders word ook gereeld uitgenooi om hulle prestasies te vier.

Die Opvoedkunde Studentekomitee (OSK) is in beheer van verskeie  funksies.

Hierdie geleenthede hou studente geïnteresseerd, en laat studente welkom voel by die Fakulteit.

# Die OSK



Die OSK staan vir die Opvoedkunde Studentekomitee. Ons visie is om deursigtigheid by die studente te vergestalt, om ons Fakulteit 'n veilige ruimte vir almal te maak, verantwoordelikheid te neem, ons medestudente en personeel te respekteer, asook om positiwiteit te kweek. In ons komitee het ons verskeie portefeuljes.









Die Studenteverhoudinge-portefeulje is, byvoorbeeld, gerig op ons eerstejaarstudente. 'n Mentor word aan elke eerstejaar toegeken om ondersteuning te bied. Verder bied die Sosiale Impak-portefeulje vir studente die geleentheid om 'n verskil in die gemeenskap te maak deur Beyond Education. Hierdie komitee help studente om vrywillig te werk in ons minder bevoorregte gemeenskappe.

Die OSK het baie ander verantwoordelikhede wat daarop gemik is om ons Fakulteit se studente te ondersteun.